

Gereformeerde Kerk Bellville – 15 November 2015 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 43:3, 5 (p. 220)

- 3 Send, HEER, uit hemelse geweste / u lig en waarheid neer op my!
Laat dié my bring na Sions veste, / want daar is 't my die allerbeste,
waar ek, u woning ingelei, / my in u diens verbly.
- 5 My siel, wat treur jy nog verslae / en is onrustig in jou lot?
Berus slegs in Gods welbehae; / strek uit jou hoop na beter dae.
Verrys, herleef op sy gebod – / my redder is my God!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 66:1, 2 (p. 320)

- 1 Juig, aarde, juig met blye galme, / laat jubels opstyg uit die stof!
Sing tot Gods eer jul dankb're psalme, / en maak Hom heerlik in jul lof.
Sy grootheid ken geen maat of perke, / geen grens is daar vir sy gesag;
die vyand sien met skrik sy werke / en buig hom kruipend voor sy mag.
- 2 Die aardryk met sy verste lande / moet biddend voor die HERE buig;
die volke van die verste strande / moet met hul lofstem voor Hom juig.
Kom en aanskou Gods wonderdade, / wat is sy werking hoog gedug.
Smeeek Hom, o volke, om genade, / want niemand kan sy hand ontvlug.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Wet

Psalm 19:5, 7 (p. 83)

- 5 Die HEER se vrees is rein, / dit open 'n fontein / van heil wat ewig bly.
Die wette van die HEER / is waarheid immermeer, / regverdig net soos Hy.
Hul's soos die fynste goud – / ja, fyner duisendvoud – / geen glans wat so kan straal nie;
geen heuning is so goed, / geen heuningdrup so soet – / daar's niks wat daarby haal nie.
- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Gebed

Psalm 86:1, 2 (p. 431)

- 1 HEER, my God, ontferm U oor my, / luister na my stem, verhoor my!
'k Is ellendig, diep in nood, / gans en al van hulp ontbloot.
O bewaar my, U 's almagtig; / maak my weer u guns deelagtig;
red u kneg, verlos my nou, / waar 'k alleen op U vertrou.
- 2 Wie is tog, soos U, weldadig? / Wees my dan, o HEER, genadig,
want my roepstem en geklag / klim tot U die ganse dag.
Hoor my in my sielsverlange; / gee my vreugde en vreugdesange;
want ek hef my hart en oog, / troue God, tot U omhoog.

Skriflesing: Job 38:1-11; 39:1-15; 40:1-28

Kernverse: Job 40:4a

Het jy dan die mag wat Ek het? (Job 40:4a AFR83)

Tema: God antwoord die worstelaar

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons het nou al in hierdie reeks preke uit Job gesien dat die Here nie vir ons sê waarom slegte dinge met gelowiges gebeur nie. Tog leer die Here ons hoe die ware gelowige met waarom-vrae behoort te worstel. Kom ons vat die kernwaarhede saam soos die Heilige Gees dit tot dusver aan ons geleer het: In 'n mens se worsteling om die verborge deel van God se wil te verstaan, gryp 'n mens in die geloof aan God vas omdat jy Hom ken as 'n genadige en barmhartige God. Die gelowige kyk ook met hoop na God toe op, omdat jy oortuig is dat God betroubaar en regverdig is. En die gelowige worstel biddend met God omdat God alleen uitkoms en antwoord kan gee. Ons weet ook dat die Here swaarkry nie net vir straf op sonde gebruik nie. Job se swaarkry was nie straf op sonde nie. Ons lei dit af uit die Here se eie woorde wanneer Hy met die Satan oor Job praat. Alhoewel ons al hierdie dinge weet, maak dit nog nie ons eie worsteling met waarom-vrae makliker nie.

Vir die gelowige is terugslae nie net 'n ongelukkige sameloop van omstandighede, soos ongelowiges dit sien nie. Ons glo immers: Die Here beskik reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, gesondheid en siekte (vgl. Heidelbergse Kategismus 10:27). Juis omdat ons glo dat die Here dit alles doen, kan ons in die geloof aan God vashou. God is almagtig. Hy kan enigiets doen. Maar Hy is ook vrymagtig, Hy weet wat om te doen en hoe om dit te doen sodat dit vir sy skepping en skepsels net die beste sal wees. Wanneer 'n krisis begin, onthou 'n mens maklik hierdie dinge. Maar wat nou as hierdie krisis lank aanhou?

Job het aanvanklik, toe hy van al sy besittings, sy kinders en sy gesondheid gestroop was, ook so in die geloof aan God vasgegryp. Job het sy gelowige vashou aan God so verwoord:

Die HERE het gegee, en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd!
(Job 1:21 AFR53),

en ook:

Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie?
(Job 2:10 AFR53)

Broers, susters en kinders, dit sal wonderlik salig wees as 'n mens altyd en heeltyd in watter krisis ook al so kan vashou aan God. Maar elkeen van ons, of ten minste die meeste van ons, weet dit is nie hoe dit altyd werk nie. Ons kry nie altyd reg om dwarsdeur die krisis berusting in God te vind nie. Lees 'n mens die boek Job verder as hoofstuk 2, sien jy dat ook Job daarmee gesukkel het om so te bly vashou. Luister net na sy vrae en opmerkings. Dit is die tipiese vrae wat die worstelaar vra. Sien God my nog raak? Dit lyk asof Hy my vergeet het, want Hy antwoord nie my gebede nie. Of het ek nou deur alles wat met my gebeur het iewers beland waar God se arm nie meer kan bykom nie? Is dit nie hoe ons ook soms voel nie? Die wêreld waarin ons leef, stel mos nie in sukkelaars en ellendelinge belang nie. Net die mense wat iets kan bydra, beteken vir die wêreld iets. Daarom vergeet die wêreld maklik van die mense wat swaarkry en skryf hulle selfs af. En hoe langer die mens wat deur swaarkry getref is deur die samelewing uitgeskuif word, hoe gouer kom die gevoel by so 'n mens op: Maar God het my ook vergeet. Hy antwoord dan nie eers my gebede nie.

Die Here word egter nie deur 'n mens geforseer om iets te doen nie. Selfs nie eers Job kan die Here hiet en gebied nie. Die Here werk op sy eie tyd, nie vinniger of stadiger as wat Hy weet die beste is nie. Job het met alle erns tot die Here geroep om hom te antwoord, maar dit was nog nie tyd daarvoor nie. Elihu, die vierde vriend, moes nog eers praat.

Elihu is die jongste van die vier vriende en tog hou hy 'n lang toespraak. Hy begin sommer op 'n baie kwaai voet. Hy is kwaad vir die ander drie, aangesien hulle nie regtig vir Job getroos het nie. Maar hy is ook kwaad vir Job omdat Job heelyd op sy onskuld hamer en beweer dat God onregverdig optree (Job 32:1-5). Met hierdie arrogante houding wat die jong Elihu inslaan, skeep hy die verwagting dat hy die antwoorde op al die vrae het.

In sy voortvarendheid maak Elihu ook foute. In sy tweede (Job 34) en derde (Job 35) toespraak lyk dit of hy dieselfde weg as die ander drie vriende opgaan, naamlik om Job van sonde te beskuldig en God se regverdigheid te verdedig. Dit is nie vir die mens nodig om God se regverdigheid te verdedig nie. Al God se werk is altyd regverdig, al lyk dit vir ons in ons swaarkry nie so nie. En om vir iemand wat in nood verkeer te sê God is nie onregverdig nie, dien nie tot troos nie.

Hoewel Elihu hierdie foute maak, word hy tog deur die Heilige Gees met wysheid gelei. Sy eerste toespraak trek saam in hierdie woorde wat hy vir Job sê: Job, jy is verkeerd met jou argumente.

God is meer as die mens. (Job 32:12 AFR83)

God redeneer nie soos ons mense nie, want Hy is baie groter as wat ons kan begryp. Daarom, en so sluit Elihu sy eerste toespraak af, gebruik God ook swaarkry om die mens van die graf af weg te keer en Hy laat hom weer lewe (Job 33:30). God gebruik dus swaarkry positief, naamlik om die mens te keer voordat hy homself van God af loswoel.

Nou moet 'n mens versigtig wees om swaarkry nie te verheerlik nie. Daar is Christene wat swaarkry so verheerlik het dat hulle hulle hele lewe in martelaarskap deurbring en dink hoe swaarder hulle die lewe vir hulleself maak hoe nader lewe hulle aan God. Dit is nie wat die Here ons hier leer nie. Hy leer ons wel met Elihu se woorde aan Job: Moenie dink omdat jy swaarkry dat God jou vergeet het nie. Dink eerder daaraan dat God persoonlik met jou werk terwyl jy worstel om die swaarkry te hanteer en te verwerk.

Deurdadig die Heilige Gees vir Elihu lei om God se grootheid te beklemtoon, is die Here self besig om Job en ons voor te berei op die antwoord wat gaan volg. Elihu beklemtoon God se grootheid juis deur op sy werk in die weerpatrone te wys. Kyk net hoe laat die Here die wolke saampak en veroorsaak Hy die onweer. Hy laat dit blits en storm. Hy doen harde dinge – donderweer en weerligstrale, ys, sneeu en stortreëns – óf om te straf, óf om die aarde te versorg, óf om sy liefde te betoon (Job 37:1-13). Met dieselfde storm kan God 'n mens straf en tegelykertyd die aarde met water versorg, en al twee – straf en versorging – is uitdrukkings van sy standvastige liefde vir sy skepping.

Geliefdes, met hierdie voorbereiding vir en aankondiging van God se antwoord het die Heilige Gees vir Job en vir ons die rigting verander. In plaas daarvan om agter toe te kyk en te vra wat die oorsaak is vir die swaarkry, leer Hy ons om vorentoe te kyk na die doel van wat nou gebeur. Die vraag word dus verander. In plaas van waarom? te vra, word daar nou gevra: Vir watter doel? Die antwoord van die vrae oor swaarkry lê nie noodwendig in die sondes van die verlede nie maar in die sigbaarwording van God se werk in die toekoms.

En nou eers is dit die regte tyd dat Job die antwoord van God self kan hoor. Elihu het gepraat van die storm wat die Here gebruik vir straf, sorg en liefde. Die Here self het vir Job uit die stormwind aangespreek. En Hy sê genoeg sodat die kinders van die Here deur die geloof kan bly lewe. Maar sê die Here regtig genoeg in hierdie antwoord vir Job?

Hier sit 'n man gestroop van al sy vee en slawe, sonder kind of kraai, selfs sy gesondheid het ingegee en hy krap sy pynlike swere met 'n potskerf terwyl hy op 'n ashoop sit. Ons kan onself nie 'n wanhopiger prentjie voorstel nie. En die Here sê vir hom: Kyk na die seekoei (Job 40:10). Is dit regtig genoeg gesê vir iemand wat soveel swaarkry aan sy liggaam en siel ervaar? Geliefdes, vir ons is die antwoord van God teleurstellend, solank as wat ons in hierdie woorde van God antwoord op die waarom-vrae van Job gaan soek. Die Here sê nie vir Job waarom die rampe hom getref het nie. Hy maak nie eers verskoning dat Hy Job so lank aan die raai gelos en laat wag het nie. Hy sê niks van die Satan nie. Hy merk nie eers een woord op oor Job se swaarkry nie.

Maar as die Here dan niks van hierdie dinge sê wat ons verwag Hy in sy antwoord moet noem nie, wat is die betekenis dan van die antwoord? Broers, susters en kinders, mag die Heilige Gees ons in hierdie wysheid van God inlei sodat ons die betekenis van God se antwoord kan begryp.

Ten eerste, die Here praat met Job. Die Here maak Homself met verstaanbare woorde aan Job bekend vanuit 'n stormwind. Die Here het Hom meer male in die verlede so aan die mens bekend gemaak. Dink maar net aan die donderslae en blitse toe die Here met Israel by die berg Sinai gepraat het. Met die stormwind waaruit Job die Here hoor praat, beklemtoon die Here sy grootheid en majesteit. Hy is God. Hy is die Verbondsgod wat met Job praat.

Aan die begin van die boek Job lees ons van die Here en daar word ook sy Verbondsnaam – HERE – gebruik. As ons Verbondsgod verbind die Here Homself persoonlik aan mense wanneer Hy sê: Ek is julle God. Maar van Job 3 tot 37 word die Verbondsnaam van God nie genoem nie. Job se vriende praat van God die Almagtige. Die Naam Almagtige dui onder andere aan dat die Here sorg waar en wanneer daar menslik gesproke nie meer hoop en krag is nie. So het Jakob vir Benjamin aan God die Almagtige toevertrou toe hy gesien het dat hy Benjamin nie langer van Josef af kan weghou nie. Maar Job se drie vriende het die betekenis van God die Almagtige verander. Met hierdie Naam het hulle eerder die heilige afstand en mag van die Here beklemtoon. Daardeur het God onpersoonlik vir hulle geword.

Nou praat die Here as Verbondsgod met Job. Hy is dieselfde Here wat uit genade en liefde vir sy mense Homself aan hulle verbind en sê: Ek is julle God. Die Here het Job nie verlaat soos hy gevrees het nie. Hy praat persoonlik met Job, want Hy het Hom aan Job verbind. Vir Job het dit gelyk of die Here hom verlaat en vergeet het. Die Here doen dit nooit nie. Dat God vir 'n tyd lank stil was en oënskynlik Homself van Job af teruggetrek het, was alles deel van God se heilige plan. Job het 'n geloofsreis gehad en nie 'n besigtigingstoer nie.

Ook in die donker van oënskynlike Godverlatenheid kan jy as gelowige bly vertrou en jou hande uitgestrek hou na God, al voel dit nie vir jou of sy liefdevolle hand rondom jou is nie. Geloof is nie om te sien nie maar om te weet en te vertrou dat God ook daar in die donker by jou is, en ons kan dit weet, want die Heilige Gees werk die geloof in ons hart sodat ons in die donker kan bly vertrou. Die Here was nooit van Job af weg nie, Hy was die hele tyd by hom. Hy maak maar nou eers sy teenwoordigheid ook aan Job bekend.

Ten tweede, die Here maak sy wysheid in die skepping sigbaar. Job kry in sy terneergedrukte toestand die versekering dat die Here by hom is, want Hy praat met hom. Nou gaan die Here verder en lei sy aandag weg van sy eie verdriet na die grootsheid van God

se skepping. Daarmee gee die Here aan Job 'n nuwe perspektief op sy omstandighede. Job, stap saam met My en kyk na die dinge rondom jou.

Die Here lei Job na die uithoeke van sy skepping en na die besonderhede van die dierewêreld. Laat Ek jou verbaas, sê God, met die ingewikkeldheid en verweefdheid van alles. Waar was jy toe Ek die aarde se fondament gelê het? Waarop is sy voetstukke neergesit? Wie het hom aanmekaar gesit? Job, selfs vir die magtige watervloed van die see het Ek grense gestel. Die see kan nie sy chaosmagte buite daardie grense bring nie (Job 38:1-11). Dink bietjie aan die diere, Job. Wie gee vir die sterk leeu kos? Wie versorg die piepklein kuikentjies van die kraaie? Weet jy iets van die klipspringers en die wildsbokkies wanneer hulle moet lam? Wie gee aan die wildedonkie sy vryheid? Kan jy die buffel inspan om vir jou te werk? Job, het jy die kennis om die ganse skepping te bestuur en elke skepsel te versorg? (Job 39)

Met hierdie vrae verbreed die Here Job en ons horisonne. Op hierdie toer deur sy skepping laat die Here ons sy wysheid sien waarmee Hy elke deel van sy skepping in 'n vaste patroon bestuur. En ook Job het 'n plek binne hierdie ganse skepping. Ook jy, in jou worsteling om God se wil te verstaan, het 'n plek binne God se skepping op die patroon van sy wysheid.

Ten derde, die Here maak sy mag sigbaar deur die seekoei en die krokodil (Job 40 en 41). Al die diere waaroor die Here tot dusver vir Job uitgevra het, is nie onder die beheer van mense nie. Deur middel van die vrae wys die Here vir Job en vir ons hoe baie dinge daar in die skepping God se geheim is. Dit is dinge wat Hy met wysheid bestuur, maar ons mense het nie mag daaroor of begrip daarvan nie. Met sy volgende vrae oor die seekoei en krokodil stel die Here sy mag ten toon.

Die seekoei, of soos dit uit Hebreeus ook vertaal kan word as 'n monsterdier, en die krokodil, wat ook die Leviatan heet, die monster van die waterdieptes, boesem vrees by die mens in. Albei hierdie diere is toonbeeld van die krag in die natuur, maar ook in die verbeeldingswêreld van die mens staan hulle uit in krag. Job, Ek het jou en hierdie diere geskep. In die wêreld waarin jy leef, is daar hierdie twee onuitspreeklike, onbegryplike en vreesaanjaende geheime waarvoor jy magteloos staan. Maar ook hulle met hulle monsteragtige krag is in my mag, sê die Here. Alles onder die hemel behoort aan My. Die seekoei en die krokodil is in my hand – ook jy, Job, is in my hand, want Ek is almagtig, sê die Here.

In die vierde plek beteken die regverdigheid van God dat slegs God vir Job regverdig kan verklaar. Net God kan 'n mens vryspreek. Met al die vrae wat die Here tot dusver aan Job gestel het, het Job gesien dat hy nóg die wysheid en nóg die mag het om die skepping te bestuur. Met hierdie laaste reeks vrae in die middel van God se antwoord vra die Here: Job, jy wil regter wees oor my werk. Het jy die mag wat Ek het? As jy dit het, spreek jousef dan vry, red jousef.

Ook op hierdie vrae staan Job en ons stom geslaan. God alleen is alwetend, almagtig en volmaak regverdig. Die onverklaarbaarheid van swaarkry is ook in ons Verbondsgod se hand. Maar ons mense is geneig om een, of dan ten minste twee, van hierdie karaktereenskappe van God te aanvaar, maar die derde laat ons staan. Ons redeneer mos dat as God wys en regverdig is, Hy nie ook almagtig kan wees nie, want waarom het Hy nie die swaarkry gekeer nie? Of as Hy wys en almagtig is, kan Hy nie regverdig wees nie, want waarom tref Hy dan gelowiges met slegte dinge. En as 'n mens so redeneer, word die wêreld waarin ons leef vir ons logies. Maar dan is dit nie meer die wêreld van die lewende

God wat die Here hier aan ons bekend maak nie. Ons kan nie God en sy werke in die pakkies van ons begripsvermoë verpak nie. God se werk en gedagtes is baie hoër as die mens s'n.

Daarmee word nie bedoel dat die mens nie mag redeneer nie of dat daar geen plek vir die mens se logika is nie. Dit word ook nie gesê dat God se weë onredelik of sinloos is nie. Met die boek Job en met hierdie vrae van die Here wys Hy ons daarop dat ons Hom nie met ons verstand alleen kan begryp nie. Hy is die lewende God oor Wie ons nie net kan debatteer nie, Hy laat Homself deur ons ontmoet. Met sy wysheid, mag en regverdigheid bring Hy Homself tot voor ons. Hy word nie net bespreek nie, Hy maak Homself bekend. Hy is God en Hy is baie meer as wat ons kan begryp. Daarom is daar van sy werke wat ons nie met ons verstand kan bevat nie. Tog is Hy die Verbondsgod wat Homself persoonlik betrek by die lewe van 'n biddende worstelaar, want Hy is wys, almagtig en regverdig, Hy is lewendig.

Geliefdes, waar anders as in Jesus Christus sien ons hoe persoonlik die Here ons God Hom by ons mense betrek? Die wêreld met al sy wysheid en teorieë kan nie God se wysheid in Christus begryp nie. Want waar het jy nou al ooit gesien dat verlossing en redding deur lyding heen kan kom? En in Christus gebeur juis dit. Net Christus se lyding aan die kruis kan ons red. Net op grond van Christus se dood aan die kruis spreek God mense vry van sonde. Net God het die mag om mense wat geestelik dood is in die sonde lewendig te maak deur die werk van sy Gees en Woord.

As ons nie eers begrip het van God se wysheid in die skepping nie, hoe gaan ons sy wysheid in Christus verklaar? As ons nie sy mag kan nadoen in die skepping nie, hoekom wil ons Hom tot verantwoording roep oor wat met ons gebeur? As ons onself nie kan regverdig nie ... ja, ons kan onself nie red nie, maar ons Verbondsgod het dit gedoen. Is hierdie genade wat Hy aan ons bewys nie net so onverklaarbaar nie? As ons hierdie wysheid, mag en regverdigheid wat Hy gebruik om ons sy kinders te maak nie kan verklaar nie en dit maar net glo, hoekom sal ons sy mag, wysheid en regverdigheid betwyfel wanneer Hy ook die swaarkry oor ons bring?

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 5-3:1, 4, 5

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskrif van Gods verborgenhede. U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.
- 4 Die sondelose Lam, vir sondeskuld geslag, / is waardig om te ontvang die rykdom, wysheid, krag, en eer en heerlijkheid en dankb're seëninge! / En al wat leef en roer, al die geskape dinge op aarde en diep omlaag, of in die hoë hemel, / al wat die see bewoon en in sy dieptes wemel –
- 5 die ganse skepping sing met krag van jubeltoon: / "Aan Hom wat heerlijk is, hoog op die wêreldtroon, en aan die Lam van God, self eewige Skeppings-Here, / sy ewig lof en prys en krag en roem en ere!" Met "Amen, Amen!" het die gérubs opgesewewe. / Die oudstes het aanbid voor Hom wat ewig lewe.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Katkisasieopening

Skrifberyming 10-2 (28B)

Ons Vader wat woon in die hemel, / geheilig sy u Naam,
laat u ryk kom, u wil geskied, / soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood / en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe
die wat teen ons sondig. / Laat kom ons nie in die versoeking; / maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk en die sterkte en die ere, / vir ewig en ewig, amen / vir ewig en ewig, amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
15 November 2015